**God se plan vir jou finansies deel 1**

**Patrick J van Rensburg**

***GOD SE PLAN VIR JOU FINANSIES***

Lukas 16:11-13

"As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou? En as julle nie getrou is in 'n ander se goed nie, wie sal julle jul eie gee? Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal of die een haat en die ander liefhê, of die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie.:

Luke 16:11-13

"And if you are untrustworthy about worldly wealth, who will trust you with the true riches of heaven? And if you are not faithful with other people's money, why should you be entrusted with money of your own. You cannot serve both God and money."

**God en Geld**

Omdat God omgee vir ons is Hy baie duidelik oor hoe ons geld moet hanteer.Die Bybel bevat meer as 2350 verse wat handel oor geld en besittings. Jesus het meer onderrig oor geld gegee as oor enige ander onderwerp. Die Here het so baie oor geld geleer vir geestelike sowel as praktiese redes.

**Geestelike redes**

*Hoe ons geld hanteer het 'n groot invloed op die mate van intimiteit van ons verhouding met Christus*

"And if you are untrustworthy about worldly wealth, who will trust you with the true riches of heaven? And if you are not faithful with other people's money, why should you be entrusted with money of your own. Luke 16:11

*Geld is die primêre mededinger met Christus vir die heerskappy in ons lewens. (Matt 6:24)*

**Praktiese redes**

*God het geweet dat ons wysheid nodig het om met geld te werk.Die Here het in die Skrif Sy beginsels vir werk, verdienste, besteding, spaar, beleggings, gee, hoe om uit die skuld te kom en hoe om kinders te leer om met geld te werk, bekend gemaak.*

*Meeste mense het in die verlede geleer rondom gee. Die res is glad nie aangeraak nie.*

**God se verantwoordelikheid ten opsigte van Geld**

***Alles behoort aan God.***

*"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here." Ps 24:1)*

*"Aan my behoort die silwer, en aan My al die goud, sê die Here die Almagtige." (Haggai 2:8)*

*"Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My." (Levitikus 25:23)*

*" want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, wat die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My." (Ps 50:10-12)*

**God sal in ons behoeftes voorsien**

*Matt 6 :24 -34 (Moet jou nie kwel oor môre nie)*

*Fil 4:19 "En God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus."*

*God is voorspelbaar sowel as onvoorspelbaar. Hy is voorspelbaar in Sy getrouheid om te voorsien. Hy is onvoorspelbaar in hoe Hy voorsien.*

*Dieselfde Here wat die kinders van Israel met manna gevoed het gedurende hulle veertig jaar-lange swerftog deur die wildernis en wat 5000 gevoed het met slegs vyf brode en twee vissies, het belowe om in ons behoeftes te voorsien.*

*Dit is dieselfde God wat vir Elia gesê het ".. En Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te sorg! Die kraaie het vir hom soggens brood en vleis gebring en hulle het vir hom saans brood en vleis gebring.." 1 Konings 17:4,6)*

*"Want so sê die Here, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die Here reën op die aarde sal gee. En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elia; en sy het geëet - sy en haar gesin dae lank: die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van die Here." I Konings 17:14-16*

**2Kon 4:1** 'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: "My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak." 2Kon 4:2 Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?" Sy het geantwoord: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie." 2Kon 4:3 Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. 2Kon 4:4 Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak." 2Kon 4:5 Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak. 2Kon 4:6 Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: "Bring vir my nog 'n kruik." Maar hy het gesê: "Daar is nie meer 'n kruik oor nie." Toe het daar nie

2Kon 4:7 meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: “Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly.”